23 Julie 2017

09:00 Erediens
Immanuel van Tonder
Preekreeks #4: vol-ledig volbewus

18:00 Aanddiens – Koinonia
Peet Crous

Baie dankie aan almal wat bygedra en/of deel gehad het aan die groot sukses van ons vakansie-preekreekse, asook die Lynnwood Winterfees-kuier. Almal se meelewing word opreg waardeer.

30 Julie 2017

09:00 Erediens
Eric Scholtz

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

09:00 Kleuterkerk!
Welkom terug –
ons hou springmieliefees!

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr kategese)
Jakkie Strachan

Seekamp 2 - 7 Oktober 2017!

☞ inskrywings sluit 31 Julie 2017.

☞ vorms beskikbaar by die Info-toonbank, die kerkkantoor, Liani of Fay (083 478 0854).

Steep your life in God-reality, God-initiative, God-provisions. Don't worry about missing out. You'll find all your everyday human concerns will be met. *Give your entire attention to what God is doing right now*, and don't get worked up about what may or may not happen tomorrow. God will help you deal with whatever hard things come up when the time comes. Matt 6:33-34 The Message

... Leef *vandag* voluit vir God!
Matt 6:34 Die Boodskap

Orrel Uitvoering

KMD Prof. Carsten Klomp van Heidelberg, Duitsland.
Werke: Bach, Rinck, Mendelssohn en Klomp.
Handel Concerto met Kamermusikante.
Wanneer: 20 Augustus 2017 om 15:00 in die Kerk.
Kaartjies: @R100. Kaartjies te koop beskikbaar by bets@nglynnwood.co.za of koop Sondae by die Info-toonbank of die kerkkantoor gedurende die week.
Kunstenaars na Suid-Afrika gebring deur Lynnwood Gemeente. Moet dit nie misloop nie!

Gemeente ete: Fees van die Bome

25 Augustus hou ons 'n gemeente-ete in die saal.
Ons vind aansluiting by die Jode met *Die fees van die Bome*.
Meer inligting sodra die skole weer open.

Baie welkom terug na die vakansie.
Ons vertrou dat almal uitgerus is en uitsien na die nuwe kwartaal se bedrywighede.

Die week se kalenderaktiwiteite

Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Helplift-vergadering** 17:00 (Kapel). **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660. **Bybelstudie** 19:15 (Koinonia) – Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Woensdag:	**Studente-selgroep** 19:00 (Sjêk) – Jeanri Bezuidenhout 074 893 2836 **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854.
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Tabita Naaldwerkklasse** 14:00 (Kerksaal) – Selma du Preez 012 361 1626 / 082 448 6413. **Jong Volwasse-omgeegroep** 19:00 (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854. **Oop vir die Oomblik-kursus** 19:00 (Kapel) – Willem Nicol en Immanuel van Tonder 083 540 6015.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:15 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 / 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 / 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 / 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding:

Thys en Kotie van der Walt, Acornweg 418, Lynnwood, 082 421 8033 – Thys se skoonseun, en Kotie se swaer, is oorlede.

Arrie Minnaar, Lynnwood Oord Huis 91, The Hillside 315, Lynnwood, 012 361 1407 – ernstig siek.

Frans en Gerda Human, St Peters Garden Estate 201B, Winnifred Yell 453, Garsfontein, 082 551 0132 – suster ernstig siek.

Stina Watts, Lynnwood Oord ws 23, The Hillside 315, Lynnwood, 082 868 3382 – herstel na operasie.

Marie Pieters, Lynnwood Oord ws 82, The Hillside 315, Lynnwood, 012 361 5937 – herstel na operasie.

Ya Bana for the children

Ons wil graag baie dankie sê vir al die dames wat die laaste paar maande gehelp het om die weeklikse "city lunch" vir die Ya Bana kinders en personeel te kook.

Dankie ook vir skenkings van kos, klere, kinderboeke, opvoedkundige speelgoed wat ons van tyd tot tyd ontvang. Ya bana het twee weke terug ‘n nuwe pleegsorghuis geopen met 6 weeskinders van ouderdomme 2 tot 9 jaar met ‘n hofbevel wat hulle geplaas het tot hul die ouderdom van 18 jaar bereik. ‘n Enorme verantwoordelikheid. Ons benodig asb. dringend komberse en winters kinderklere en skoene. Baie dankie. Carina Goosen 082 900 4087.

Dankoffer: Oorweeg asb. biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder, elektroniese oorplasing NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 (gebruik asb u Voorletters en Van as verwysing en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za) of *SnapScan.*

Snap here to pay

SnapScan

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asb. ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Die Kontak van dié week: Seëninge:

Matteus 5

1Toe Jesus die skare sien, het Hy teen die berg opgegaan. Hy het gaan sit en sy dissipels het na hom gekom.
2 Hy het begin praat en hulle geleer en gesê:
3 "Geseënd is dié wat geestelik arm is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
4 Geseënd is die mense wat treur, want hulle sal vertroos word.
5 Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die aarde erf.
6 Geseënd is dié wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word.
7 Geseënd is die barmhartiges, want hulle sal barmhartigheid ontvang.
8 Geseënd is die mense wat suiwer van hart is, want hulle sal God sien.
9 Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
10 Geseënd is die mense wat vervolg word ter wille van geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
11 Geseënd is julle wanneer die mense julle om My ontwil beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is.
12 Wees bly en jubel omdat julle beloning groot is in die hemele. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."

"Seëning" en "seëninge" vorm 'n groot en belangrike deel van ons geloofswoordeskat. Alle gelowiges praat van en oor seëninge, en ons almal het uiteenlopende sieninge oor wat as seëninge tel. As 'n mens luister na die manier waarop gelowiges in die breë oor seëninge praat, word dit vinnig duidelik dat dit gereeld hand aan hand loop met terme soos oorvloed, voorspoed, bevordering, prestasie, en oorwinning. Kyk ja na films of luister jy na musiek wat as "godsdienstig" bemark word, handel die temas hiervan gereeld oor die verkryging of ontvang van een of ander vorm van seën. Hoe moet ons bid, hoe moet ons aanbid, hoe moet ons praat om die seëninge te ontvang wat ons óf begeer, óf glo ons verdien?

Jesus se woorde in Matteus 5 is om verskeie redes besonders. Een daarvan is dat ons hier te doene het met een van die betreklik min geleenthede waar Jesus as't ware "uit die vuis uit preek", in dié sin dat hy dit nie doen na aanleiding van 'n vraag wat aan hom gestel is, of 'n teksgedeelte gebruik om 'n vraag te antwoord nie.

In hierdie preek van Jesus kry ons te doen met 'n siening van "seëning" of "seëninge" wat vir ons maklik wêreldvreemd klink. Dit was waarskynlik ook die geval vir diegene wat in daardie wêreld gelewe het. Vir hulle was dit óók vreemd. Die "seëninge" wat hier gelys word blyk juis die teenoorgestelde te wees van dit wat ons as seëninge beskou. Hoe kan hartseer wees of treur tel as 'n seëning? In 'n wêreld waar winsbejag, prestasie ten alle koste, wen ten alle koste, die norme van die samelewing uitmaak, is 'n sagmoedige, 'n barmhartige of 'n vredemaker alles behalwe iemand wat deur die samelewing geseën word.

As voorspoed, oorwinning, en bevordering deel uitmaak van wat as seëninge tel, dan moet dit volgens Jesus se verstaan in Matteus 5 totaal en al 'n ander gestalte aanneem as wat dit in ons gedagtes en geloofswoordeskat doen. Voorspoed sal minder te maak hê met "vooruitgang", en meer met die kwaliteit van die verhoudinge wat ons onder mekaar het. Oorwinning kan uitsluitlik oorwinning in terme van die koninkryk van die hemele wees, wat baie eerder dui op die uitbou van geregtigheid as die uitbou van besighede, portefeuljes en netwerke van invloed. Bevordering kan slegs 'n seëning word as dit tot gevolg het dat die verandering wat daarmee gepaard gaan vir meer as bloot een persoon goed is.

Soos in baie ander gevalle in die Bybel, is Jesus se woorde hier in Matteus 5 alles behalwe 'n bevestiging van die norm. Net soos destyds, bevraagteken dit ook vandag die gangbare norm. In twee wêrelde wat vêr van mekaar verwyder is, daag dit die hoorders uit om anders te dink en te doen. Seëning en seëninge ís baie belangrik, maar hoe verstaan ons dit, en wat maak ons daarmee?

Mag jy in die week wat kom hierdie woorde van Jesus weer en weer lees, en mag dit jou elke dag tot stilte en nadenke roep. En mag ons in mekaar se woorde en aksies raaksien wat Jesus met hierdie vreemde siening van seëninge bedoel het.

Groete,
Jakkie Strachan (namens die Predikantespan)

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

Lynnwood Gemeente

Naam _____

Selfoonnommer _____ **Landlyn nommer** _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening **Datum**

*** Handig asb in by die info-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.
*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za

Gemeenskap

Skole: Skole open 24 Julie 2017.

Die Wilgers Aftree-oord: Eiendom te koop (prysverlaging vir dringend verkoop) – Ricky 081 708 2188.

Kraakvars *Classics*: Lig-klassieke Musiekproduksie vir die Kieskeurige Musiekliefhebber aangebied deur NG Kerk Jan Niemandpark. Kunstenaars: *André Swartz, Veramarie Meyer, Burgerd Botha, Charlotte Kilian, Henry van Dyk en Helena Ceronio*. Begeleiding: *Engeli le Roux en die Pretoria Simfonie-orkes*. Sondag, **27 Augustus 2017** om **16:00** in die Atterbury Teater, Daventrystraat 4, Lynnwood Manor. Kaartjies @ R180 – R200 beskikbaar by Computicket. Navrae: 012 471 1700 of e-pos info@atterburytheatre.co.za.

CMR 8ste Jaarlikse Golfdag op 30 Augustus 2017 vanaf 10:00 by Pretoria Country-klub, Sydneylaan 214, Waterkloof, Pretoria. Vir meer inligting of om in te skryf (sluit 28 Julie 2017) e-pos Anja of Mina by marketing@cmrn.co.za.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Werkloosheidsversekering (UIF): Huis-/tuinwerkers se werkloosheidsversekering moet nou deur die *u-Filing*-sisteem gedoen word. Kontak vir Isabel Mulder 082 448 5484 of aldiemulders@telkomsa.net vir hulp met die moeitelose omskakeling na die *uFiling*-sisteem.

Vervoer: Lynnwood Oord-inwoners na Glenfair elke 3e Woensdagoggend – Heléne Coetzer 012 348 1826.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of
SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333.
Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za.
Waterprobleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of of e-pos customercare@tshwane.gov.za.